Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Mei 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Gereformeerdes lewe in die Gees

Die betekenis van Hemelvaart

Geloof sy die Here!
Dag na dag dra Hy ons!
God is ons hulp!

– Psalm 68:20

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag binne agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 119, NO. 3312 - Mei 2017

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

In hierdie uitgawe

2 VAN DIE REDAKTEUR
Net een pad na God

4 UIT DIE WOORD
Ons leef in die dagbreektyd van die hiernamaals

6 REDAKSIONEEL
Die uitsig van Hemelvaart en die krag van Pinkster

8 BRANDPUNT
Waarheen is jy op pad as jy (net) in jou truspieël kyk?

FOKUS
10 Gereformeerdes leef in die Gees
12 40 dae tussen opstanding en hemelvaart
14 Die betekenis van Hemelvaart self
16 Pinkster ... oor en oor?
18 Roeping en moedertaalonderrig (1)
20 TKR-verklaring
22 Die werk van deputate

AKTUEEL / BESINNING
24 Gereformeerde onderwys ... heelwat by die Jode te leer
26 Die onsigbare skepping

28 Reformasie 500 – Katharina von Bora

29 Personalia / Wel en Wee Lief en Leed / Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Net een pad na God

In *Beeld* van 9 Maart 2017 het daar 'n berig verskyn oor 'n gesprek tydens die onlangse "Woordfees" by die Universiteit van Stellenbosch. Die opskrif van die berig lui: "Bestaan daar net een pad na God?"

Die berig is geskryf na aanleiding van 'n gesprek tussen dr. Fritz Gaum ('n vorige redakteur van *Die Kerkbode*) en prof. Willie Esterhuyse, 'n filosoof. Esterhuyse het 'n tyd gelede 'n boek geskryf, "Geagte Jahwe", waarin hy filosofeer oor hoe hy God sien. Vervolgens het Gaum 'n boek geskryf, "God op soek?"

In die gesprek by die "Woordfees" het die twee skrywers mekaar se standpunte beoordeel. Op 'n stadium het die gespreksleier, Jean Oosthuizen, gevra: "Maar wat van die hele ding dat net die Christelike geloof reg is? Wat dan van al die ander gelowe, wat dan van Moslems? Wat van mense wat nie glo nie, maar wat hoë morele waardes het?"

Dr. Fritz Gaum het in sy antwoord verwys na emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, wat gesê het Jesus is nie die enigste pad na God, maar dis 'n unieke pad. Gaum bestempel dit as 'n "baie goeie antwoord". Volgens hom is die pad waarin hyself glo die pad van Jesus na God, en dan vervolg hy: "Maar ek sal nooit sê dis die enigste pad nie. Ek glo wel dat God met ander mense op ander maniere te werk gaan. Om oordeel oor ander mense uit te spreek, dit betaal mos nie."

Wat sê God Self?

In die gereformeerde godsdiens en teologie is daar oor die diepste lewensvrae, soos die vraag oor verlossing, oftewel die pad na God, uiteindelik net een vraag, naamlik: Wat sê God Self? – nie wat sê Tutu of Gaum of Esterhuyse nie. Ons soek dus die antwoord in die Woord van God.

En dan klink dit so glashelder en duidelik en eenvoudig. Kom ons verwys net na enkele tekste:

- In Handelinge 4:12 lees ons: "Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie." Die pad van Jesus na God is dus nie maar net 'n unieke pad (Tutu en Gaum) nie, maar die enigste pad.
- In Johannes 6:39, 40 het Jesus Self gesê: "En dít is die wil van Hom wat My

gestuur het: Dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie 'n enkele een verlore sal laat gaan nie, maar hulle op die laaste dag sal opwek. Want dít is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan."
- En in Johannes 14:6 sê Hy dit so klinkklaar duidelik: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

Natuurlik moet jy bereid wees om te buig voor die Woord (en die God van die Woord), nie daaroor spekuleer of filosofeer of dit as 'n mensewoord hanteer nie.

Is dit hoogmoedig?

Is dit hoogmoedig om te bely en te getuig dat Jesus die enigste Verlosser is, die enigste pad na God? Die bekende digter Lina Spies het in dieselfde gesprek waarna hierbo verwys is, juis dít gesê, selfs in antwoord op Gaum se kompromis-standpunt: "Hierdie uniekheid waarvan jy praat … impliseer 'n soort hoogmoed waarvan ek niks hou nie."

Nee, dit is nie hoogmoed nie. Dit bely God se oneindige genade, dat Hy gedoen het wat geen mens of godsdiens of filosofie kon doen nie, om Self die weg terug na Hom uit die sondenag te voorsien. Daarom sal die ware gelowige hom/haar nooit in hoogmoed verhef nie, maar in dankbaarheid jubel oor God se genade om deel te wees van hulle vir wie Jesus as Middelaar gely, gesterf en opgestaan het, om hulle met God te versoen.

Is dit liefdeloos?

Is dit liefdeloos om vir mense wat nie in Jesus Christus as die enigste Verlosser glo nie, te sê hulle gaan verlore as hulle hul nie tot Hom bekeer nie? Is dit liefdeloos om nie aan mense die weg en die waarheid en die lewe te verkondig nie? Lina Spies het volgens die berig in *Beeld* gesê: "… die oomblik wanneer jy dit dink (naamlik dat ons die "eintlike waarheid" beet het – CFCC), dan kan ek dit nie meer aanvaar nie, om die eenvoudige rede dat dit my liefde vir mense in die ander geloofshoedanighede ondermyn."

Dit is juis liefdeloos om sienderoë toe te kyk hoedat mense verlore gaan en nie aan hulle die enigste evangelie van verlossing te bring nie.

Net een pad na God

As daar meer as een pad na God is, beteken dit daar is meer as een verlosser of meer as een verlossingsboodskap. Dan het Jesus eintlik verniet gely en gesterf. Dan is verlossing van sonde nie 'n vereiste om gered te word nie. Dan is enige sendingwerk om aan ongelowiges die evangelie te verkondig, onnodig en verspilde energie.

Dit is ten diepste die kern van die 16de-eeuse Hervorming, dat daar net een pad na God is. Nie die pad van Rome (aflaat, verdienstelikheid van die goeie werke, vergifnis deur die priester, ens.) nie. Nie die pad van die mens se vrye wil en 'n bydrae tot jou eie saligheid (Anabaptisme) nie, maar verlossing uit genade alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. So sê en doen God Self. Wat 'n genade!

CFCC

Waarheen is jy op pad as jy (net) in jou truspieël kyk?

Prof. IW (Naas) Ferreira
(Teologiese Skool Potchefstroom)

2017 is 'n baie besondere terugkyk-jaar. 500 jaar gelede het die Reformasie plaasgevind, en 365 jaar gelede die volksplanting aan die Kaap. Dalk het jy ook al 'n GKSA-dagboek gekoop en kan jy elke dag terugblaai in die geskiedenis om te herleef wat jare gelede iewers in die geskiedenis plaasgevind het.

Terugkyk is kosbaar en dit moet ons altyd met groot dankbaarheid en nederigheid vul. Maar 'n truspieël kan nie (en mag nie) jou voorruit vervang nie. Jou voorruit – hoe groot en konfronterend ook al – omraam jou lewensroeping en bepaal jou visie en prioriteite. Dink 'n bietjie na oor die vraag: Waarheen is jy op pad as jy (net) in jou truspieël kyk?

Boodskap in Psalm 90

Daar is 'n baie belangrike boodskap vir ons vandag in Psalm 90. Terwyl die digter van Psalm 90 die grootheid en heiligheid van die Ewige, Almagtige God tot lof van die Here in herinnering roep, word hy pynlik bewus van sy eie sterflikheid. Hoe kort is die mens se lewe? Binne 'n oomblik is dit verby. Vanwaar die vlietende aard van die lewe? Dit is die gevolg van die mens se sondemislukking in die paradys … en God se toorn-antwoord daarop (Gen. 3). Dit is die rede vir die onoorbrugbare afstand tussen die almagtige God en die mens in sy lewensmislukking. Daarom is die sondaarmens se dae getel – letterlik en figuurlik. Die mens se tydelikheid en sterflikheid is nou sy lewens-werklikheid. Hieraan gee die digter van Psalm 90 uit-voerig aandag. Sy vraag is: Waarmee maak die mens die oorbly-dae van sy lewe vol? Die hartverskeurende antwoord: 'n Lewe van mislukking. Sonder God vermors die mens sy oorblywende dae op aarde op homself. 'n Lewe van mislukking is 'n lewe waarin die mens aanhou om die min dae wat hy op aarde het, steeds op homself en sy eie begeertes te vermors. Dit is waarmee die digter van Psalm 90 ten diepste worstel. Dit is die rede vir sy gebed. Hy besef dat die mens se lewe – ook die min dae wat hy op aarde oorhet, alleen betekenis kan hê as die onoorbrugbare afstand tussen die heilige God en die mislukte mens uitgewis word. Hiervoor pleit die digter, want net God kan hierdie afstand oorbrug.

Kosbare werklikheid

Hoe bevoorreg is ons nie vandag nie! Dit wat vir hier-die digter 'n hartsbegeerte en geloofsverwagting was, het reeds vir ons 'n kosbare werklikheid geword. Die evangelie van God se genade in Jesus Christus is God se antwoord op hierdie Ou-Testamentiese gebed. Die boodskap van Paasfees, wat weer in hierdie dae gehoor word, roep dit duidelik uit: Die onoorbrugbare afstand is oorbrug. God het dit by die kruis van Golgota bewerk. En nou? Diegene wat hierdie verlossing genadiglik ont-vang het, is nou as volk van God, in opdrag van God, die verkondigers van hierdie boodskap. Hulle doen dit nou elke dag in die ontvouende geskiedenis van die wêreld (wat die Bybel as die "laaste dae" beskryf). God se kinders leef nie meer 'n lewe van mislukking nie, want hulle maak hulle oorblywende lewensdae op 'n ander manier vol. Dit is dan ook waarvoor hierdie digter bid. Hy bid dat hy in sy oorblywende lewensdae God se besig-wees in die wêreld sal kan raaksien. Hy bid vir 'n voorruit-visie. Hy bid dat God se werke sigbaar sal word in die voorruit-werklikheid van sy menswees van elke dag (vs 16). Let egter mooi op: Nie net vir interessantheid nie, maar vir deelname en betrokkenheid. As verloste kind van God moet die inhoud van sy oorbly-dae op aarde nie meer 'n vermorsing op homself en sy eie begeertes wees nie, maar 'n diensbaarheid aan God en dit waarmee God besig is.

God se besigwees (vs 16) en ons eie besigwees (vs 17) hou verband met mekaar, want verlostes leef nou vir God. Met die truspieël-herinnering van die kruis van Golgota rus die Gees van God ons toe met wysheid en insig om die voorruit-werklikheid van ons eie tyd roepingsbewus en doelgerig binne te gaan. Die Gees van God belyn die verloste se lewe tussen die vaste punt van die kruis en ons heerlike eindbestemming. So word ons koersvas gestuur dwarsdeur die gebroke werklikheid wat elke dag konfronterend in ons voorruit sigbaar word.

Brandpunt-vrae

Waarmee maak ons (as verlostes) die oorbly-dae van ons aardse menswees vol? Waarop fokus ons in ons kerklike bediening? In watter mate het 'n moderne weergawe van die Korinte-kultuur (1 Kor. 15:32b) nie steeds 'n houvas op vandag se mense se lewens nie? Die brandpunt-vrae van Psalm 90 vir ons vandag:

- Waarmee maak ons as gelowiges ons oorblywende lewensdae vol, wanneer kerkwees verskraal tot 'n blote nostalgiese, kieskeurige verbruiker-sitplek-op-Sondag-bediening waar lidmate eerder bederf word, as om bewustelik toegerus te word vir 'n elke-dag-van-die-week-offervaardige-diensbaarheid in en aan God se koninkryk?
- Waarmee vul gemeentes die "laaste dae" van kerk-like bediening, wanneer daar 'n oordrewe fokus is op gebeure, persoonlikhede en besluite van die verlede, terwyl kerklike agendas vandag niks van die konfronterende werklikhede van ons eie wêreld onder die lig van God se Woord stel om praktiese en relevante bedieningsbesluite in die lig daarvan te formuleer nie?
- Waarop fokus 'n kerklike bediening wanneer lidmate wel tot by die kruis van Golgota gebring word, son-der om daardie lidmaat dan ook onder die kragtige begeleiding van die Heilige Gees tot 'n lewe gevul met dankbare diensbaarheid in die wêreld te begelei?

'n Truspieëltjie is belangrik, maar dit neem jou nê-rens heen nie en is – terloops – ook nie vir grimering bedoel nie.

Vader, leer ons om ons oorblywende lewensdae so te gebruik dat ons as u kerk dit nie op onsself sal vermors nie, maar in diensbaarheid aan U sal opoffer. Vul ons "voorruite" met u besigwees en vul ons laaste lewensdae met u diensbaarheid. DK

In *Die Kerkblad* van 31 Mei 2000 het daar 'n aantal artikels oor Hemelvaart en Pinkster verskyn. Die Redaksie het gemeen dat die inhoud van hierdie artikels steeds geld vandag, en plaas dit daarom weer.

Prof. GJC (Gert) Jordaan (emeritus) (Potchefstroom)

Gereformeerdes lewe in die Gees

Waarom maak Gereformeerdes so min van Pinkster? word baie keer gevra. Waarom geen Pinkster-bidure nie? Waarom geen opwekkingsdienste nie? Moet ons darem nie meer klem op die Heilige Gees lê nie? So word dikwels gekla, selfs beskuldigings geslinger, oor die Gereformeerdes se Geestes-armoede. Maar is daar rede vir die klagtes? Het die kritiek enige gronde?

By die aanhoor van sulke kritiek kan 'n mens natuurlik na twee kante toe oorreageer. Die eerste sou wees om die kritiek sonder meer van die tafel af te vee asof daar geen fout by ons te vinde is nie; die tweede sou wees om dit sommer huidjie en muitjie in te sluk sonder om te vra of die kritiek werklik gegrond is.

Die kritiek moet geweeg word: Is dit werklik so dat die Gereformeerde leer Geestes-armoedig is? En is Pinkster-bidure en opwekkingsdienste werklik die antwoord?

In hierdie uitgawe van *Die Kerkblad* word in enkele artikels verduidelik wat die Bybelse leer oor Hemelvaart en Pinkster is, en hoe die Gereformeerde godsdiens ook in hierdie opsig die Bybel getrou wil napraat. As 'n mens met aandag lees, word dit al duideliker dat Gereformeerdes die Hemelvaart- en Pinkstergebeure hoegenaamd nie minag nie. Maar juis daarom is dit ook so dat ons nie jaarliks aan die groot ophef van Pinkster meedoen nie. Waarom nie?

Die antwoord hierop kan ons kortweg gee: Omdat ons Gereformeerde oortuigings ons juis dring om *die hele jaar* lank vanuit die Pinkstergebeure te lewe. Nie net een keer per jaar nie, maar regdeur die jaar, sê ons Gereformeerde oortuigings, moet ons lééf vanuit die krag van die Heilige Gees. Nie met spesiale bidstondes nie; nie met opwekkingsdienste nie. Maar met 'n Geesvervulde leefstyl.

Hoe lyk so 'n leefstyl? Kom ons noem maar net 'n paar voorbeelde:

Die Heilige Gees en die Bybel

Dit word Gereformeerdes dikwels ten laste gelê dat ons fundamentalisties met die Bybel omgaan. Daarmee word gewoonlik gewys op ons kritieklose vertroue op die onfeilbaarheid en gesag van die Bybel, so asof God vandag nog met ons in die Bybel praat. Hierop moet ons antwoord: As dít fundamentalisties is, nou ja, dan is ons fundamentalisties. (Persoonlik is ek egter oortuig dat Fundamentalisme oor baie meer as net dit gaan.)

Maar Gereformeerdes se ontsag vir die Bybel spruit uit hulle ontsag vir die Heilige Gees. Want die Bybel, so glo ons, is die Woord van God wat Hy deur die kragtige werking van sy Heilige Gees vir ons deur mense laat neerskryf het. Ons vind daarin nie maar net mensewoorde nie, maar die woorde van God. Dit is immers die Gees van God wat daarin met ons praat. Vandag nog. Want sedert Pinkster woon en werk die Heilige Gees lewend en kragtig by ons, en praat Hy met ons in sy Woord. Omdat ons dit bely het ons vertroue op en ontsag vir die Bybel. Daarom is die gelowige se elke-dagse nederige luister na en leef uit die Bybel 'n voortdurende belydenis dat die Heilige Gees by ons is en met ons praat en in ons werk.

Gevolglik kan ons ook nie die Bybel lees en bestudeer asof dit maar

net nog 'n boek is nie. Daar is baie Bybelgeleerdes wat te kenne wil gee dat die Bybel maar net 'n gewone historiese boek is en 'n blote produk van sy tyd, 'n bloot menslike boek waarin mense maar net hulle ervarings en nadenke oor God neergeskryf het.

Juis vanuit die Gereformeerde geloof in die Heilige Gees kan ons nie met sulke geleerdes saamgaan nie. Ons staan vas daarby dat die Bybel nie maar net 'n menslike produk is nie, maar dat "deur die Heilige Gees gedrywe die mense van God gespreek het" (2 Pet 1:21). Die Heilige Gees is dus die eintlike Skrywer van die Bybel. Daarom het ons nie maar net een keer per jaar tydens die Pinksterweek met die Heilige Gees te doen nie, maar elke keer as ons die Bybel oopmaak en dit lees of daarna luister.

Die Heilige Gees in die prediking

Ook elke Sondag as daar van ons kansels af gepreek word glo ons dat die Heilige Gees in die prediking aan die werk is. Juis daarom is Gereformeerdes so daarop gesteld dat die prediking *Skrif*prediking moet wees. Dit moet "So sê die Here" wees, nie "So sê die dominee" nie. Hoe meer die dominee se eie idees in die preek na vore kom – stories of grappies of staaltjies, hoe boeiend of aangrypend ook al – hoe minder word die Heilige Gees gehoor.

Daarom moet elke preek Skrifuitleg en Skriftoepassing wees. Getroue Skrifprediking is immers 'n deurlopende belydenis van die krag en die werk van die Heilige Gees.

Hiermee saam gaan ook die "armoede" aan allerhande hulpmiddels en lokmiddels tydens die Gereformeerde erediens. Reeds in die tyd van die Reformasie het Gereformeerdes besef dat die Roomse "boeke van die leke" die werk van die Heilige Gees in die prediking misken. Rome wou, tipies menslik, beter weet as God. God het gesê: "Die geloof is deur die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom 10:17). Maar vir Rome was die eenvoudige hoor van die Woord nie meer genoeg nie. Nee, met sigbare hulpmiddels moes die geloof by die "leke" tuisgebring word.

Daarom is in die Gereformeerde erediens teruggekeer na 'n eenvoudige liturgie waarin die aanhoor van evangelieverkondiging sentraal staan. So werk die Gees van God, al sou mense dit anders wou hê. Ook die hedendaagse afweer van "boeke van die leke" uit die Gereformeerde erediens is 'n kragtige belydenis van die krag van die Heilige Gees.

Selfverloëning

Op sy duidelikste kom die Gereformeerde belydenis van die Gees wat op Pinkster uitgestort is na vore daar waar die gelowige selfverloëning aan die dag lê. Want die plek waar die Heilige Gees sedert Pinkster woon, is in die harte van mense. En as die Gees in jou woon, skuif die eie ek al meer op die agtergrond en die Gees van God al meer op die voorgrond. In die woorde van Romeine 8:9 – "Julle word nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle."

Die Gereformeerde Pinksterverkondiging vind dus plaas elke dag waar gelowiges, afsonderlik en gesamentlik, besluite neem téén dit wat ons self wil hê en positief luister na wat die Gees van God wil hê. Selfverloëning beteken egter nie standpuntloosheid of ruggraatlose toegee aan wat ander mense wil hê nie. Egte Gereformeerde selfverloëning is om die eie ek te laat terugstaan vir die Heilige Gees. Dit is om te wil wat die Gees wil, soos Hy in sy Woord aan ons voorsê.

Daarom vereis egte selfverloëning dat ons moet standpunt inneem, dikwels sterk standpunte, selfs ongewilde standpunte. Maar altyd standpunte wat vashou aan die Woord van die Here. Want in die Woord, glo ons, lei die Heilige Gees ons dag vir dag.

So word dit al duideliker dat die egte Gereformeerde godsdiens hoegenaamd nie Geestesarmoedig is nie. Dit wil juis konsekwent en deurlopend bely dat die Heilige Gees van die uitstorting by Pinkster tot vandag toe by ons bly. En dat die Gees lewend en kragtig in en met ons werk. En met ons praat.

Daarom sal ons na sy woorde luister, soos Hy dit vir ons laat opteken het in die Bybel. DK

(Redaksionele artikel in Die Kerkblad 31 Mei 2000)

Alet van Rhyn (Aros)

Roeping en moedertaal-onderrig (1)

Die onderwyskrisis in Suid-Afrika vorm in 'n groot mate die kern van die Suid-Afrikaanse problematiek. Die onderwyskrisis is omvattend. Dit sou naïef wees om dit te benader as 'n enkelvoudige probleem met maklike antwoorde.

Daar is egter 'n grondliggende aspek wat 'n groot rol in dié krisis speel: *geletterdheid*. Wêreldwye navorsingsresultate plaas die vordering van geletterdheid in Suid-Afrika in die laaste posisie uit 40 lande. 'n Onlangse verslag van die Departement van Onderwys toon aan dat 20% van Suid-Afrika se Graad 4-leerders nie aan die minimum kriteria vir leesgeletterdheid voldoen nie. Die deurvloeisyfer van leerders in skole is uiters kommerwekkend.

Ons huidige en toekomstige generasies jongmense se bestaan en toekoms word negatief beïnvloed deur swak geletterdheidsvaardighede. In ons daaglikse handel en wandel keer gesprekke telkens terug na al die probleme wat ons in ons pragtige land ervaar. Mense raak moedeloos, kwaad, traak-my-nie-agtig en voel oorweldig.

Maar wat is dit wat maak dat honderde jongmense jaarliks, ten spyte van hierdie donker prentjie, tog besluit om onderwysers te word – en wat laat duisende onderwysers volhou in die onderwysberoep? Een enkele ding: *Roeping*.

Ten spyte van alles is daar duisende mense in Suid-Afrika wat in diepe afhanklikheid van die Drie-enige God leef, wat sy Woord as die enigste Waarheid uitleef, en wat getrou aan hulle roeping as die Here se kinders leef. Om in roepingsbewuste afhanklikheid van die Here te leef, veroorsaak dat sy kinders die eindelose hoop raaksien in plaas van die hopelose einde waarteen die mens hom blindstaar as hy van die Here af wegdraai. In afhanklikheid van die Here kan en moet elkeen van ons wat aan ons roeping gehoorsaam is, 'n bydrae lewer in die oplossing van die onderwyskrisis in Suid-Afrika.

Verband tussen moedertaalonderrig en geletterdheid

Die verband tussen moedertaalonderrig en geletterdheid speel hier 'n deurslaggewende rol. Die ontstellend lae vlak van die kwaliteit van geletterdheid van 'n groot gedeelte van Suid-Afrika se leerders is 'n noodkreet. Geletterdheid dra by tot die algemene welsyn en selfvertroue van 'n persoon. In Suid-Afrika, met 'n werkloosheidsyfer van meer as 25% het 'n ongeletterde persoon byna geen kans om suksesvol vir hom/haarself te sorg nie.

Waarom is en bly die verwerwing van goeie kwaliteit geletterdheidsvaardighede so 'n geweldige probleem in Suid-Afrika? In die soeke na 'n antwoord hierop kom die *noodsaak van moedertaalonderrig* na vore. Navorsing bewys en beklemtoon keer op keer die noodsaak van moedertaalonderrig.

Die wonderlike – en op die oog af moeitelose – taalverwerwing van 'n jong kind is by ons almal bekend. By die meerderheid van jong kinders vind die proses van moedertaalverwerwing oënskynlik outomaties plaas. In hierdie proses word 'n stel linguistiese vaardighede vasgelê wat die basis vorm vir die ontwikkeling van nie net die moedertaal nie,

maar ook van 'n tweede taal. Jim Cummins, 'n bekende navorser in linguistiese kringe, se teorie van linguistiese interafhanklikheid benadruk die noodsaak van 'n goed ontwikkelde moedertaal as die basis vir die verkryging van geletterdheid in 'n tweede taal.

Elemente wat taalverwerwingsproses beïnvloed

Die taalverwerwingsproses word egter deur die aan- of afwesigheid van 'n groot hoeveelheid elemente beïnvloed. Die totale konteks waarbinne kinders opgroei, het 'n groot impak op die kind se ontluikende geletterdheid. Die implikasie hiervan vir Suid-Afrika, met 'n ingewikkelde netwerk van sosio-ekonomiese en sosio-maatskaplike vraagstukke, is enorm.

Syfers, soos bekendgemaak deur Statistiek SA (2017) ten opsigte van armoede in ons land, is skokkend: 22% van ons land se bevolking leef in uiterste armoede. 37% van ons bevolking kan nie voedsel en ander lewensmiddele, soos byvoorbeeld vervoer, saam bekostig nie. 53,8% van ons land se bevolking val onder die wydste definiese van armoede en moet met minder as R779 per maand oorleef.

Ons moet aanvaar dat die basiese dinge wat kwaliteit geletterdheid by 'n jong kind stimuleer, dus grootliks afwesig is by meer as die helfte van ons bevolking. Hierdie hartseer toedrag van sake is nie net beperk tot sekere kulture nie. Armoede is nie kieskeurig nie.

Suid-Afrika het 11 amptelike tale en die grondwet en onderwysbeleid bepaal dat, waar dit enigsins moontlik is, 'n leerder sy/haar onderrig in die betrokke moedertaal moet ontvang – vir ten minste die grondslagfase-jare.

Hier ontstaan reeds groot probleme ten opsigte van die geletterdheid van baie leerders. Migrasie en verstedeliking veroorsaak dat dit veral in die stedelike gebiede prakties moeilik uitvoerbaar is. In een skool kan tot agt verskillende kultuurgroepe teenwoordig wees.

Die grootste probleem, wat ook 'n tragiese simptoom van die onderwyskrisis in ons land is, is die skokkende feit dat 80% van Suid-Afrika se staatskole wanfunksioneel is. Die oorsake hiervan is veelvuldig, maar hou verband met 'n totale gebrek aan roepingsbesef, menslike hulpbronprobleme, politiekery, inmenging van vakbonde en swak of geen bestuur, asook die afwesigheid van verantwoordbaarheid. Die direkte gevolg hiervan is dat ouers wat dit kan bekostig, hulle kinders na funksionele skole stuur – en dat die meer as 50% leerders wat in armoede lewe, byna geen kans het op kwaliteit skoolonderrig en goeie geletterdheidsvaardighede nie.

Ook die leerders wat hulle onderrig by 'n funksionele skool ontvang, spring nie die impak op die kwaliteit van hulle geletterdheidsvaardighede vry nie. By 'n groot hoeveelheid van die funksionele skole is die taal van onderrig Engels.

Afgesien van die keuse vir kwaliteit onderrig, maak ouers ook dikwels die fout om hulle kinders doelbewus in Engels te laat onderrig omdat hulle glo dat dit vir die kinders in die toekoms deure sal oopmaak. Veeltaligheid is 'n bate en dit hou ook persoonlike intellektuele voordele in, maar NIE wanneer dit ten koste van jou moedertaal geskied nie. (Vervolg)